# Taalstrukture en -konvensies

## Spelling, lees- en skryftekens

### Leestekens

Dit is belangrik om die verskil tussen **leestekens** en **skryftekens** te verstaan.

**Leestekens**
Leestekens is tekens soos punte, kommas, dubbelpunte, vraagtekens en uitroeptekens wat gebruik word om te verseker dat *sinne* korrek *gelees* word.

**Skryftekens**
Skryftekens is tekens soos kappies, deeltekens, koppeltekens en afkappingstekens wat gebruik word om te verseker dat *woorde* korrek *geskryf* word.

1. Identifiseer en benoem die **leestekens** in die sinne.

   a) Daar was vier leerders teenwoordig: Ettienne, Sandra, Vicky en Tommie.

   ______________________________

   b) Die perde – wat reeds baie goed opgelei is – word by die ryskool gebruik.

   ______________________________

   c) Pasop! Die rak gaan omval!

   ______________________________

   d) Sal jy asb. die speelgoed in die kas pak?

   ______________________________

2. Identifiseer en benoem die **skryftekens** in die sinne.

   a) Dit reën so baie vandag; die buitelugkonsert sal gekanselleer word.

   ______________________________

   b) Die atleet is die wêreldkampioen in spiesgooi.

   ______________________________

   c) Die onderwyser is beïndruk met sy goeie punte.

   ______________________________

**Wenke**

Maak seker dat jy die opdrag in toetse en eksamens reg lees, bv. **Herskryf die sin en maak die leestekenfout in par. 5 reg.** Met so 'n vraag moet jy kyk of daar iewers **in die sin** 'n komma, punt of vraagteken weggelaat is. Jy moet dus nie woorde soek wat sonder 'n deelteken, kappie of koppelteken geskryf is nie.



© Oxford University Press Southern Africa

## Leestekens

Die **punt** word aan die einde van 'n sin en ook by sekere afkortings gebruik.

Die **komma** word gebruik


- tussen voorwerpe wat opgenoem word
- na tussenwerpsels
- na 'n eienaam waar die persoon aangespreek word
- tussen twee werkwoorde
- voor en na sinsdele wat bykomende inligting verskaf
- tussen rand en sent in geldbedrae
- voor sekere voegwoorde soos **maar** en **want**.

Die **dubbelpunt** word gebruik

- voor die opnoem van 'n lys items
- voor 'n verdere verduideliking
- voor die aanduiding van die direkte rede
- in tydsaanduidings
- in sporttye
- Bybelverse.

Die **kommapunt** word gebruik

- om die verband tussen twee sinne aan te dui
- en in die plek van 'n weggelate voegwoord.



3. Herskryf die sinne en voeg die korrekte leestekens in.

   a) Die seremoniemeester heet die eregaste ouers en leerders welkom

   ______________________________

   b) Die seun is baie slim hy weet hoe om al die somme te doen

   ______________________________

   c) Ons mag gaan maar ons moet vroeg terugkom

   ______________________________

   d) Die volgende deelnemers gaan deur na die semi-finaal Adriaan Suzette en Wimpie

   ______________________________

   e) Sy vra "Jannie gaan haal die pakkies asseblief"

   ______________________________

© Oxford University Press Southern Africa